# GEMEENTEBULLETIN

**15 NOVEMBER 2020**

STELLENBERG GEMEENTE

## EREDIENSTE

### IN DIE KERK EN AANLYN

### Oggend-en-gesinsdiens om 09:00

Lukas 8:1-3 | Om 'n verskil in die hede te maak | Ds. René Potgieter

### Relevantdiens om 18:00

*For the love of restoration* | Ds. Hanno Ackerman

### IN DIE KAPEL

### Meditatiewe diens om 09:00

Lukas 5:1-11 | 'n Volgeling van Jesus – Petrus se storie | Ds. Philipp Dietmann

Kyk aanlyn na die direkte uitsendings van die oggenddiens asook die Relevantdiens. Na afloop van die direkte uitsendings is die opnames van die eredienste ook aanlyn beskikbaar.

## KERSSANGDIENS IN DIE BUITELUG 29 NOV.

Lidmate word uitgenooi om op Sondag 29 November om 09:00 by ons Buitelugkerssangdiens aan te sluit. Daar sal baie stoele uitgepak word, maar indien julle het, bring asb. stoele saam, asook 'n piekniekmandjie met versnaperinge sodat ons na die diens saam kan eet en kuier. 'n Groot Kersboom van Op-die-berg-gemeente se Kersboomprojek, saam met pragtige Kerssang, sal vir 'n heerlike feestelike atmosfeer sorg.

## FLESSE VOL LEKKERTE VIR DIE KERSGETY

Ons wil gedurende die Kersgety graag 'n tikkie vreugde in minder-bevoorregte gemeenskappe versprei. Vir dié doel samel ons glasflesse (leë mayonnaise-, koffie- en blatjangflesse, ens.) wat met lekkers of koekies gevul is, in. Bring die gevulde flesse saam na die Buitelug-kerssangdiens op Sondag 29 November om 09:00 en plaas dit onder die groot Kersboom, of gee jou bydrae by die kerkkantoor af. Indien jy nie tyd het om self koekies te bak nie, bestel gerus koekies by *21 Cookies of Hope*, Mariaan Hattingh 079 880 0407.

### DAAGLIKSE STEMBOODSKAPPE

Indien jy graag na die daaglikse boodskap ('n stemopname deur leraars) op jou selfoon wil luister, stuur asb. 'n WhatsApp met jou *naam + stemboodskap* na 083 611 4720. Jy sal dan op die verspreidingslys geplaas word en die stemboodskap daagliks op jou selfoon ontvang. Geen gemorspos nie.

### GEBEDSBYEENKOMS EN –VERSOEKE

Die asemskep-gebedsbyeenkoms word elke Dinsdag om 18:30 in die kapel aangebied. Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

## NOODKOSPAKKIES VIR DIE KERSGETY

Met 'n kombinasie van net drie niebederfbare produkte kan 'n maaltyd vir 'n gesin van ses opgetower word. Ons beoog om noodkospakkies met produkte soos hieronder uiteengesit te versamel, sodat ons gesinne tydens die Kersgety daarmee kan ondersteun. Verpak die volgende per pakkie:

- Opsie 1: 'n pakkie sojamaalvleis + 500 g pasta + 1 pakkie tamatiepasta.
- Opsie 2: 'n pakkie sojamaalvleis + 1 blikkie kerriegroente + 500 g rys.
- Opsie 3: 'n pakkie sojamaalvleis + 1 blikkie ertjies + 500 g rys.

Gee asseblief die verpakte produkte by die kerkkantoor af, of plaas dit Sondae in die voorportaal van die kerk.

## STOKKIESDRAAI-BRAAI GRAAD 1-TOT-4

Ons nooi ons graad 1-tot-4-maats om op Dinsdag 24 November vanaf 15:00 tot 17:00 saam te kom kuier by ons stokkiesdraai-braai op die kerkterrein. Koste R30 per kind, bring jou masker. Besprekings by sunet@stellenberg.co.za.

## KOSPAKKIES VIR RUYTERWACHT

Maak gerus voor 25 Nov. 'n finansiële bydrae tot die aankoop van bestanddele vir kospakkies wat tydens die Kersgety aan minderbevoorregte seniors in Ruyterwacht versprei sal word. Elektroniese oorbetalings: ABSA, tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, verwysing: Ruyterwacht, of betaal bydraes by die kerkkantoor in.

## EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 19 November om 14:30 in die eetsaal.
Spreuke 21 | In alles het die Here die laaste woord . . .

## KERSBOOMPROJEK | NGK OP-DIE-BERG

Lidmate van Op-die-berg-gemeente beoog om indringerdennebome in hulle omgewing te verwyder en dit as Kersbome te verkoop. Die opbrengs van die verkope sal aan 'n plaaslike groentetuinprojek en kleuterskool geskenk word. Bome sal by ons kerkperseel afgelaai word. Plaas jou bestelling deur die bestelvorm op www.stellenberg.co.za te voltooi.

### STELLENBERG ONDERSTEUNINGSENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. 'n Kliniese sielkundige, spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.


### VOEDSELHULP

Indien jy tot die uitgebreide voedselbediening wil bydra, kan jy 'n elektroniese oorbetaling na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, maak. Gebruik *hande en rande* as verwysing.

## 'N KERS VIR DIE TIENDEMAAND

- Ons nooi gesinne om een wit kers per gesin te neem as 'n herinnering aan hulle tiendemaandbydrae ter ondersteuning van die gemeente se werksaamhede. Neem 'n kers wanneer jy eredienste bywoon, of haal dit by die kerkkantoor af, of skakel die kantoor by 021 976 4519 om aflewering te reël.
- Steek die kers aan saam met 'n spesiale ete, terwyl jy Bybel lees en bid, of om 'n geliefde, wat nie meer met jou is nie, se lewe te herdenk.
- Die tiendemaandinsameling is in ooreenstemming met die Bybelse tradisie van 'n tiende van die gelowige se inkomste vir die Here se werk.
- Dankie vir elkeen se bydrae in die uitdagende finansiële tyd sodat ons prakties uitvoering aan die Here se werk in ons omgewing kan gee.
- Tiendemaandbydraes kan elektronies oorbetaal word na: ABSA, tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, met verwysing: tiendemaand. Kontantbydraes kan in 'n gemerkte koevert in die kollektebord gesit, by die kerkkantoor afgegee, of in die beveiligde posbus by die voordeur van die kerkkantoor geplaas word.

*Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief. 2 Kor. 9:7*




### NUUS PER E-POS OF OP JOU SELFOON

- Ontvang die bulletin weekliks, asook die skakels na eredienste per e-pos, deur jou e-posadres aan sanel@stellenberg.co.za te stuur.
- Sluit by die WhatsApp-groep aan om die bulletin en die skakel na die oggenddiens op jou selfoon te ontvang, deur jou naam, van en selfoonnommer na 083 611 4720 te stuur.

### AANLYN ADVERTENSIEBLAD

In die Samaritaan-advertensieblad op www.stellenberg.co.za word produkte, verskeie dienste, woonplekke en werksgeleenthede, geadverteer. Advertensies sonder 'n foto kan teen R50 per maand geplaas word en die met 'n foto teen R100 per maand. Stuur 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za.

## BYBELLEESPROJEK 2020–2021

Ons beoog om deur die loop van 2021 tydens die eredienste en kategese, asook in die Bybelskoolkursus, sistematies deur die Bybel te lees. Die eerste twee Bybelskoolaanbiedings wat deel vorm van die Bybelleesprojek, vind reeds op Maandag 30 November en 7 Desember om 19:00 in die kerkgebou plaas.

Die aanbiedings sal ook aanlyn op www.stellenberg.co.za gevolg kan word. Jy kan jou eie Bybelvertaling gebruik om by die leesprojek in te skakel, maar ons wil tog lidmate aanmoedig om die nuwe vertaling te bekom en dit vir die Bybelskoolkursus (of leesprojek) te gebruik. Lidmate sal op die volgende maniere kan deel raak van die Bybelleesprojek:

**Opsie 1:**

Bestel die nuwe vertaling by die kerkkantoor voor 26 November 2020. ’n Hardeband-weergawe teen R140 en ’n sagteband-weergawe teen R340, is beskikbaar. Indien jy die Bybel aankoop, ontvang jy ook ’n gratis Bybelleesgids en toegang tot die Bybelskoolkursus.

**Opsie 2:**

’n Mens kan die nuwe Bybelvertaling, wat vanaf 29 November by Christelike boekwinkels beskikbaar behoort te wees, self aankoop, of gebruik jou eie ou vertaling. Gaan haal dan die gratis leesgids by die kerkkantoor.

Kontak vir Karin Barter by 021 976 4519 ( 08:00 tot 14:00), of stuur ’n e-pos aan karin@stellenberg, om vir die Bybelskoolkursus in te skryf en die nuwe vertaling van die Bybel te bestel. Daar sal ook geleentheid wees om op Sondae na die eredienste in die voorportaal van die kerk te registreer en jou Bybelbestelling te plaas. Die kursus is gratis.

Betalings:

1. Bybels kan elektronies betaal word by ABSA, tjekrekening 145058 0011, takkode 632005. Gebruik jou VAN + Bybel as verwysing.
2. Kontantbetaling kan Dinsdag tot Vrydag, tussen 9:00 en 13:00, by die kerkkantoor gedoen word.
3. Betaling kan ook op 30 November, by die eerste Bybelskoolaanbieding gedoen word. Kaartfasiliteite en SnapScan sal die aand beskikbaar wees.